

INGENIEURSGRAFIKA EN -ONTWERP

GRAAD 11

MAART 2024

TOTAAL: 10 punte (+ die toepassings)

PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

VRAESTEL 3.2

TYD: EEN WEEK

Hierdie vraestel bestaan uit **twee** bladsye (uitsluitlik die **2024** graad 11 FS DvO PAT riglyne (Bl 1 – 12)).

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. 'n Praktiese asseseringstaak (PAT) eksamenvraestel 3, is verpligtend vir die finale promosiepunt vir alle IGO kandidate en tel 25% (100 punte) van die jaarpunt.
2. Die navorsing van die PAT is die enigste fase van die PAT wat by die huis voltooi moet word.
3. Leerlinge moet slegs navorsing oor siviel doen.
4. Beplan die navorsing noukeurig om volledige inligting te toon.
5. Slordige en onvolledige werk, en die laat indiening van die verskillende fases, sal gepeenaliseer word.
6. Die navorsing moet van toepassing wees op vanjaar se PAT.
7. Die navorsing moet hoofsaaklik in die vorm van foto's en illustrasies wees eerder as woorde, sinne en paragrawe.
8. Bewyse van ten minste VYF verskillende voorbeelde wat al die vereistes van elke navorsingsonderwerp insluit, moet by die PAT-lêer/portefeulje ingesluit word, tensy anders genoem.
9. Hierdie bladsy kan verwyder word uit die eksamenlokaal en gebruik word as hulpmiddel om die regte inligting by die huis na te vors.
10. Bewyse van die navorsingsmateriaal moet met die aanvang van die tweede kwartaal die PAT-portefeulje ingesluit word.
11. Monitor jou vordering deur die datum waarop jou navorsing volooi is, in die "datum voltooi kolom" van jou bestuursplan, in te vul.
12. GEEN tekening, navorsing of volledige PAT se punt sal aanvaar word indien jou naam en van nie in inks daarop ingeskryf staan nie.

Fase 1
Vraag 6:
NAVORSING

Gebruik onderstaande siviele assesseringskriteria en kontrolelyns om toe te sien dat jy aan al die spesifikasies voldoen voordat jy die navorsing inhandig.

SIVIELE PAT NAVORSING – ASSESSERINGSKRITERIA		
Navorsing moet tot 'n maksimum van VIER A4 of TWEE A3 bladsye per onderwerp beperk word.		
2.1	Die korrekte SANS 10143 simbole vir badkamertoebehore	2
2.2	Die korrekte SANS 10143 simbole vir elektriese toebehore vir siviele tekening	2
2.3	Die korrekte metode vir oppervlak- en skaalberekening van tekening	2
	Duidelike bewyse dat die navorsing ontwerpoplossings gebruik is	2
	'n Lys van ALLE verwysings gebruik (Bibliografie)	2
	TOTAAL	10

SUBTOTAAL 10

LET WEL:

Moontlike bronne en webtuistes om te besoek vir navorsing:

- SANS 10143 siviele simbole: (Sien jou handbook vir meer inligting hieroor)
- <http://e-learn.gc.co.za/moodle/course/index.php?categoryid=38>
- Punte word afgetrek indien die navorsingsinligting nie tydens die aanvang van kwartaal 2 voltooi en beskikbaar is nie. Die kandidaat sal dus toekomstige opdragte van hierdie PAT nie kan beantwoord nie.